



eduresourceza.com



St Henry's Marist Kollege

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Graad 12

Kloekgroep-vraestel 2

September 2019


Eksaminators: Kloekgroep
Moderators: Kloekgroep
Tyd: 2 ½ uur
Punte: 100

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jy al die bladsye het.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
AFDELING A: Hoopvol (60 punte)
AFDELING B: Transaksionele skryfwerk (40 punte)
3. Beantwoord **AL** die vrae.
4. **Beplan** jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Begin elke afdeling op 'n **nuwe bladsy**.
6. **Nommer** jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
7. ALLE vrae moet in **Afrikaans** beantwoord word.

VRAAG 1: KORT VRAE

Lees die volgende uittreksels uit die verhaal en beantwoord dan die vrae wat volg:



BRON: http://www.nb.co.za/Books/Big/tafelberg_covers/childrens/2012/9780624056256.jpg

Deur die venster sien hy Pretoria se liggies. Die trein fluit en hulle ry die stasie binne. Die peronne is verlate. Waarheen nou? dink hy verslae. BI 7

- 1.1 Ben het in Pretoria aangekom om sy pa te soek. **Gee** EEN rede hoekom hy so 'verslae' gevoel het. (1)
- 1.2 Na **watter** spesifieke plek in Pretoria wou Ben gaan? (1)
- 1.3 *Ben gaan Pretoria toe om na sy pa te soek.*
 - 1.3.1 **Wie** het hom die idee gegee om daar te gaan soek? (1)
 - 1.3.2 **Hoe** het sy ma daardie dag gereageer? (1)
- 1.4 **Watter** TWEE items het Ben by hom gehad wat hom oor die volgende paar dae sou help? (1)
- 1.5 **Watter** advies het Ben gekry toe hy die volgende dag by die mark probeer uitkom? (1)

Hy sien deur die treinvenster hoe die wêreld skielik verander het.
Daar was nog gras en mielielande en nou is dit net droëbossies en klippe. Dit moet die Karoo wees.

Hy wonder waarom sy ma nooit oor Hoopvol gepraat het nie.

BI 157

- 1.6 Ben kom nou in Hoopvol aan. Vertel **waar** en **by wie** hy die inligting gekry het om hiernatoe te kom. (2)
- 1.7 *Ben was baie gretig om uit te vind oor 'n spesifieke eiendom in Hoopvol.*
- 1.7.1 **Gee** die adres van die eiendom. (1)
- 1.7.2 **Hoe** het hy geweet van die eiendom? (1)
- 1.8 **Waarom**, dink jy, het Nathalie hom nie van Hoopvol vertel nie? (1)
- 1.9 **Verduidelik** hoe elkeen van die volgende karakters op sy eerste dag in Hoopvol vir Ben gehelp het:
- 1.9.1 Tannie Liefie (1)
- 1.9.2 Oom Frans (1)
- 1.10 **Watter** TWEE dinge vertel Ben vir hierdie mense oor sy ma en pa? (2)

[15]



Bron: https://encrypted-tbn0.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcRMW9CSvvr5hYcJQXiVohC6vRduDqB9zd3mcOF_m0aVbuMbbXpiUw

VRAAG 2: KORT VRAE EN PARAGRAAF

Lees deeglik deur die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Die plaas was eers my oupa s'n en toe my pa s'n en nou is dit myne. Mense soos jy wat van die stad af kom, dink seker dis maar erg uit die oude doos om op 'n plaas in die Karoo te bly, maar vir my is dit die mooiste plek in die wêreld. Bl. 174

- 2.1 Van **watter** plaas word hier gepraat en **waarmee** word daar hoofsaaklik op hierdie plaas geboer? (1)
- 2.2 Daar is twee boerboele op hierdie plaas wat baie lief word vir Ben. **Stem** jy saam? **Verduidelik** in jou eie woorde. (2)
- 2.3 **Noem** die name van oom Frans en tannie Nonnie se kinders. (1)

- 2.4 Dan sien hy die klip eenkant, regs in die hoek van die begraafplaas. Hy stap nader. Dis net 'n klip. Groot en bruin en so half rond. Hy weet sommer dis sy pa se plek. Hy gaan sit kruisbeen op die grond voor die klip. Lees die woorde op die koperplaatjie: *Robert Benjamin (Bobby) Smit. Rus in vrede.* BI 219

Toe Ben by oom Frans van sy pa se dood hoor, besluit Ben om langs sy pa se graf te gaan sit en sy hart te openbaar. Hy vertel sy pa oor die baie dinge wat in sy (Ben) lewe gebeur het.

OPDRAG:

Verbeel jou dat jy Ben is en terwyl jy by die graf sit, vertel jy jou pa oor alles wat die afgelope ruk met jou en jou familie gebeur het. Skryf nou 'n paragraaf van 150-200 woorde waarin jy oor die volgende praat:

ONTHOU: JY IS BEN.

- Vertel **waar** julle gebly het en **watter** werk jou ma gedoen het. (3)
- Vertel **wat** met jou ma en sussie gebeur het (1)
- Verduidelik **hoekom** jy so skuldig oor hul dood voel? (4)
- Vertel oor jou **skoollewe** en die **prestasies** wat jy vir sport gekry het. (1/2 x2=1)

INHOUD: 9

TAAL: 1

[10]

[15]

VRAAG 3: DIALOOG

Situasie: Sakkie is ontbied om die aanranding op Olivia te ondersoek. Hy praat met haar om uit te vind wat gebeur het.

Opdrag: Voltooi die gesprek tussen Sakkie en Olivia en skryf slegs Olivia se woorde neer.

- 3.1 Sakkie: **Hoekom** was jy vanaand by die hotel, Olivia, en **wat** het jy daar gedoen?

Olivia: _____ (2)

- 3.2 Sakkie: **Waar** het die aanranding plaasgevind?

Olivia: _____ (1)

- 3.3 Sakkie: **Het** jy die man herken, Olivia? **Wie** was dit?

Olivia: _____ (1)

- 3.4 Sakkie: **Hoe** weet jy dat dit hierdie persoon was, Olivia?

Olivia: _____ en _____ (2)

3.5 Sakkie: **Hoekom**, dink jy, het hy jou nie verkrag nie?

Olivia: _____ (1)

3.6 Sakkie: **Watter** beserings het jy opgedoen, Olivia?

Olivia: _____ (1)

3.7 Sakkie: **Hoe** het Liefie en Nathalie jou na die insident gehelp?

Olivia: _____ (2)

[10]

VRAAG 4: LITERÊRE OPSTEL

Daar is verskeie verhoudings - met fyn, versteekte ooreenkomste en verskille - wat in "Hoopvol" beskryf word. Sommige verhoudings was in 'n mate beantwoord, terwyl daar tog ook dié wat "verlore" en onbeantwoord was.

Opdrag: Skryf nou 'n opstel van **250 – 350 woorde** waarin jy van hierdie verhoudings, volgens die kolpunte, bespreek.

- Onthou om jou opstel van 'n **inleiding** en 'n **slot** te voorsien.
- Onthou om die **woordtelling** aan te einde neer te skryf.

A: Nathalie en Bobby:

1. **Van waar** is Bobby en Nathalie onderskeidelik afkomstig? (1)
 2. **Hoe** verskil hulle liefdesleuens voordat hulle ontmoet het? (2)
 3. **Waarom** kan ons sê dat Bobby vir Nathalie vertrou het? (1)
 4. **Hoe** verskil Bobby en Nathalie se gesinslewe? (1)
- [5]**

B. Ben en Helena:

1. **Beskryf** Ben en Helena se verhouding toe hulle ontmoet het. (2)
 2. **Hoe** verskil hulle fisies van mekaar? (1)
 3. **Hoe** weet ons dat Helena vir Ben later in die verhaal in haar vertroue neem? (1)
 4. **Hoe** verander hulle verhouding aan die einde van die verhaal? (1)
- [5]**

C. Pastoor Chalmers en Juffrou September:

1. **Waarom** kon hulle nie 'n verhouding hê nie? (1)
 2. **Hoe** weet ons dat juffrou September baie lief gebly het vir die pastoor? Gee TWEE feite. (2)
 3. **Hoe** wys Pastoor Chalmers sy liefde aan haar? (1)
 4. **Het** hierdie verhouding 'n gelukkige einde? **Verduidelik** kortliks. (1)
- [5]**

Puntetoekenning: Feite: 15 punte

Taal: 5 punte

[20]

AFDELING B: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B**

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n **nuwe bladsy** gedoen word.
3. **Beplan** jou antwoorde voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant.
5. Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.
6. Skryf jou finale antwoord op die regterkantste bladsy van die Antwoordboek.
7. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord.
8. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag.

VOORBEELD:

BEPLANNING	VRAAG 1
(linkerkantste bladsy)	(regterkantste bladsy)
	
(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie)	(Bv. 205 woorde)

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 5: DAGBOEKINSKRYWING**Scenario:**

Iemand vir wie jy baie omgee, het iets aan jou gedoen of vir jou gesê wat jou baie seergemaak en ontstel het.



[Bron: <http://bit.ly/2GE2DRy>]

Opdrag:

Maak nou 'n dagboekinskrywing waarin jy die insident en jou eie gevoelens daaroor neerskryf. Jou inskrywing(s) kan vir een of twee dae wees.

Onthou:

In jou dagboekinskrywing moet jy aan die volgende aandag gee:

- **Wat** het gebeur?
 - **Hoe** voel jy daaroor?
 - **Wat** gaan jy daaromtrent doen?
1. Die inhoud van die inskrywing(s) moet **150 – 250 woorde** wees.
 2. Jou inskrywing(s) sal volgens die rubriek op bl.11 geassesseer word.

[30]

VRAAG 6: NOMINASIEBron: <http://bit.ly/2wJvELL>**Scenario:**

'n Plaaslike tydskrif wil 'n spesiale uitgawe uitbring waarin hulle artikels gaan plaas oor mense wat **rolmodelle** vir ander is.

Daar is iemand in jou lewe wat volgens jou 'n besondere rolmodel is, en jy wil hom/haar nomineer.

Opdrag:

- Skryf 'n **kort paragrafie** waarin jy iemand nomineer.
 - Die inhoud moet **60 – 120** woorde wees.
- **Spreek die volgende aspekte aan:**
 - **Karakterbeskrywing** van die persoon.
 - **Rol** wat die persoon in jou lewe speel.
 - **Enige iets anders** wat van hom/haar 'n rolmodel maak.
- Jou nominasie sal volgens die rubriek op bl.12 geassesseer word.

[10]**TOTAAL VAN AFDELING B: 40 PUNTE**

eduresourceza.com

D13 OPSTEL NASIENSKAAL

30 PUNTE	KODE 7 Uitnemend 80 – 100%	KODE 6 Verdiensteftik 70 – 79%	KODE 5 Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 59%	KODE 3 Matig 40 – 49%	KODE 2 Basies 30 – 39%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 20 PUNTE	16 – 20 - Gespesialiseerde kennis - van vereiste van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus; byna geen afwykings nie. - Teks, algeheel samhangend; alle detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitnemend.	14 – 15% - Goeie kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus; byna geen afwykings nie. - Inhoud en idees samhangend, alle detail ondersteun by die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks, goed saam gestelde, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik.	12 – 13% - Redelike kennis van vereistes van teks. - Behou fokus, onbemiddelde afwykings. - Inhoud en idees samhangend detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks, goed saam gestelde, gepaste teks. - Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ beduidend.	10 – 11% - Voldoende kennis van vereistes van teks. - Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorspronklike betekenis nie. - Inhoud en idees voldoende samhangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	8 – 9% 'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. - Respons op geskrewe teks toon oppervlakkige fokus. - Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. - Inhoud en idees gemiddeld, samhangend, basiese detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld, kritiese, nalatige foute is begaan.	6 – 7% 'n Elementêre kennis van vereistes teks. - Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. - Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees omtrent nie samhangend, min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging gebrekkig, teks nie goed aangebied nie. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	0 – 5% - Geen kennis van vereistes van teks nie. - Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees is nie samhangend nie te min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. - Swak aanbieding van teks. - Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
TAAL, STYL EN REDIGERING 10 PUNTE	8 – 10 - Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. - Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register baie toepaslik. - Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.	7 – 7% - Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. - Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register meestal toepaslik. - Teks omtrent foutloos na proeflees en redigering.	6 – 6% - Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. - Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. - Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.	5 – 5% - Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. - Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register voldoende. - Teks het steeds foute na proeflees en redigering.	4 – 4% - Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. - Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register toon gebreke. - Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.	3 – 3% - Teks is swak en moeilik om te volg. - Woordeskat benodig remedietring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. - Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. - Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.	0 – 2% - Teks is swak saamgestel en verwarrend. - Woordeskat benodig ernstige remedietring en is nie toepaslik vir doel van teks. - Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. - Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering.

eduresourceza.com

D13 OPSTEL NASIENSKAAL

30 PUNTE	KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	KODE 6 Verdienstelik 70 – 79%	KODE 5 Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 49%	KODE 3 Matig 40 – 39%	KODE 2 Basies 30 – 29%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 20 PUNTE	16 – 20 - Gespesialiseerde kennis - van vereiste van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk, behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie. - Teks, algeheel samehangend; alle detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend.	14 – 15½ - Goeie kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus; byna geen afwykings nie. - Inhoud en idees samehangend, alle detail ondersteun by die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saam gestelde, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik	12 – 13½ - Redelike kennis van vereistes van teks. - Behou fokus, onbenullige afwykings. - Inhoud en idees samehangend detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. - Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ beduidend.	10 – 11½ - Voldoende kennis van vereistes van teks. - Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. - Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	8 – 9½ 'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon oppervlakkige fokus. - Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. - Inhoud en idees gemiddeld, samehangend, basiese detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/ redelike, verstaanbare teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld, kritiese, nalatige foute is begaan.	6 – 7½ 'n Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. - Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees omtrent nie samehangend, min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging gebrekkig, teks nie goed aangebied nie. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	0 – 5½ - Geen kennis van vereistes van teks nie. - Inhoud wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees is nie samehangend nie te min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. - Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
TAAL, STYL EN REDIGERING 10 PUNTE	8 – 10 - Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. - Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register baie toepaslik. - Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.	7 – 7½ - Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. - Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register meestal toepaslik. - Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.	6 – 6½ - Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. - Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. - Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.	5 – 5½ - Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. - Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register voldoende. - Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.	4 – 4½ - Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. - Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register toon gebreke. - Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.	3 – 3½ - Teks is swak en moeilik om te volg. - Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. - Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. - Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.	0 – 2½ - Teks is swak saamgestel en verwarrend. - Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. - Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. - Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering.

20 PUNTE (20 ÷ 2) = 10	KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	KODE 6 Verdiensielik 70 – 79%	KODE 5: Beduidend 60 – 69%	KODE 4 Voldoende 50 – 59%	KODE 3 Matig 40 – 49%	KODE 2 Basies 30 – 39%	KODE 1 Ontoereikend 0 – 29%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 13 PUNTE	10½ – 13 - Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings. - Inhoud en idees algeheel Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ Uitmuntend.	9½ – 10 - Goeie kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde Skryfwerk, behou fokus, byna geen afwykings nie. - Inhoud en idees: Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. - Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/Verdiensielik.	8 – 9 - Redelike kennis van vereistes van teks. - Behou fokus, onbenullige afwykings. - Inhoud en idees samehangend, details ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. - Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend.	6½ – 7½ - Voldoende kennis van vereistes van teks. - Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie. - Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	5½ – 6 - Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus. - Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek vaag. - Inhoud en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging: lei tot 'n gemiddelde/ redelike, verstaanbare teks. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan.	4 – 5 - Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. - Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees min samehangend, min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie. - Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	0 – 3½ - Geen kennis van vereistes van teks nie. - Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. - Inhoud en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. - Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. - Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
TAAL, STYL EN REDIGERING 7 PUNTE	6 – 7 - Teks is grammatikaal akkuraat, sinne goed saamgestel. - Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register baie toepaslik. - Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.	5 – 5½ - Teks is grammatikaal akkuraat, sinne goed saamgestel. - Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register meestal toepaslik. - Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.	4½ - Teks is grammatikaal maklik om te lees, sinne is goed saamgestel. - Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. - Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.	3½ – 4 - Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. - Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register voldoende. - Teks het steeds foute na proeflees en redigering.	3 - Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. - Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks. - Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. - Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.	2½ - Teks is swak en moeilik om te volg. - Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. - Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. - Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.	0 – 2 - Teks is swak saamgestel en verwarrend. - Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks. - Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. - Teks is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering.

